

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Standard Kredietkorporasie Bpk. v Jot Motors (Edms) Bpk. (118/84) [1985] ZASCA 96; [1986] 1 All SA 329 (A) (25 September 1985)

[1985] ZASCA 96

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Rabie, Kotze, Joubert, Hefer, Boshoff

CASE / FILE NUMBER

118/84

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saak nommer 119/84E du P.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

STANDARD KREDIETKORPORASIE BEPERK Appellant

en

JOT MOTORS (EIENDOMS) BEPERK

h/a VAAL DATSUN Respondent

Coram: RABIE, HR., KOTZÉ, JOUBERT, HEFER et BOSHOFF, ARR.

Verhoordatum: Leweringsdatum:

5 September 1985. 25 September 1985

UITSPRAAK

RABIE, HR:

Die/

2Die appèl in hierdie saak is gerig teen 'n uit-spraak van Coetzee, R. (met wie waarnemende regters Slomowitz en Weyecs saamgestem het) in die Transvaalse Provinsiale Afdeling. Die uitspraak is gerapporteer: kyk JOT Motors (Edms) Bpk h/a Vaal Datsun v. Standard Krediet korporasie Bpk, 1984(2) S.A. 510(T). Voordat ek die appèl behandel, voel ek my genoop om eers kortliks kommentaar te lewer op wat die geleerde regter in die tweede sin van sy uitspraak, waarin hy sê waarom die saak gaan, sê. Die sin lui (bl. 511 B-C):

"Dit gaan oor retensieregte, wat ek verkies om liens te noem, 'n woord wat in die om-gangstaal, buite en binne die hof, so al-gemeen gebruik word dat dit lankal reeds ingeburger geraak het."

"Lien"/

3

"Lien" is 'n Engelse woord wat aan die Franse taal ontleen is. Ek het nog nooit in 'n hof, of elders, gehoor dat die woord deur 'n Afrikaanssprekende in die sin van retensiereg gebruik word nie, en my kollegas se ondervinding is dieselfde. Geen woordeboek in die Land gee die woord as 'n Afrikaanse woord, of selfs as 'n woord van vreemde oorsprong wat soms ook in Afrikaans gebruik word, aan nie, en ek is op navraag deur die hoofredakteur van die gesaghebbende Woordeboek van die Afrikaanse Taal (gewoonlik tot W.A.T, afgekort) meegedeel dat die redaksie oor geen inligting beskik wat toon dat die woord enigsins in Afrikaans gebruik word of bekend is nie. Na my mening moet besluit word dat die woord "lien" geen aanspraak op erkenning as 'n regsterm in Afrikaans het nie, en ek wil byvoeg dat na/

4

na my mening ons Afrikaanse regsterminologie ook nie behoefte aan die woord het nie.

Ek gaan nou oor tot 'n bespreking van die appèl

en begin met 'n uiteensetting van die feite van die saak

Respondent (JOT Motors (Edms) Beperk) het op

26 Junie 1980 'n gebruikte Leyland Super Buffalo-voertuig

op huurkoop aan ene Isaac Marogane teen 'n totale koopprys

van R18 783-53 verkoop. Marogane het 'n voertuig waarop

'n waarde van R8 000 geplaas is, ingeruil en hy moes die

balans van R10 787-53 in 24 maandelikse paaielemente af-

betaal. Respondent het sy regte onder die ooreenkoms

aan appellant gesedeer. Hierdie sessie het ingevolge 'n

sg. algemene verdiskonteringsooreenkoms wat respondent en

appell. ant in 1978 met mekaar aangegaan het, geskied

Volgens/.....5 Volgens hierdie ooreenkoms sou respondent ooreenkomste

wat hy sluit met persone wat voertuie by hom op huurkoop

koop, aan appellant sedgeer en sou appellant ook eienaar

van die betrokke voertuie word. Dit is gemene saak

tussen die partye dat appellant eienaar geword het van

die bogemelde voertuig wat respondent aan Marogane ver-

koop het. Marogane het in September 1980 aan respondent

opdrag gegee om die voertuig te herstel. Respondent het

die werk gedoen en volgens die stukke in die saak blyk dit

gemene saak te wees dat respondent se uitgawes met betrekking

tot die herstelwerk R10 774-67 beloop het. Marogane het

respondent nie betaal vir die werk wat aan die voertuig

gedoen is nie, en hy het ook versuim om die paaielemente wat

hy ingevolge die huurkoop-ooreenkoms moes betaal aan appellant

te/.....

6

te betaal. Appellant het die ooreenkoms vanweë hierdie

versuim van Marogane op 15 Februarie 1982 gekanselleer, en op 11 Maart 1982 het hy in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling aansoek gedoen om 'n bevel wat respondent sou verplig om die voertuig aan hom, as die eienaar daarvan, af te gee. Appellant het Marogane as tweede respondent in die aansoek gevoeg en het 'n kostebevel teen hom aangevra. Marogane het geen stukke voor die hof gelê nie en die hof (Kirk-Cohen, R.) het geen bevel teen hom gegee nie. Hy is ook nie 'n party by hierdie appèl nie.

In paragraaf 11 van sy bogemelde aansoek sê appellant (in die beëdigde verklaring van die bestuurder van sy tak op Vereeniging, mnr Oawid Muller) dat toe respondent onderneem het om die voertuig te herstel, hy (respondent) bewus/..

7bewus was van die bepaling van die bogemelde huurkoopoor-eenkoms van 20 Junie 1980 en geweet het dat Marogane in-gevolge klousule 3(a) van daardie ooreenkoms die voertuigvry van enige retensiereg moes hou en die voertuig aanappellant moes afgee indien hy die ooreenkoms verbreek. Die relevante gedeelte van klousule 3(a) van die ooreenkoms lui soos volg:

" The Buyer shall keep the goods in his custody and shall maintain the goods in good order and repair, exempt from any lien or encumbrance."

Respondent het die aansoek teengestaan. Sy bestuurder, mnr Eric Roux, sê in 'n beëdigde verklaring dat respondentin regmatige besit van die voertuig is en 'n retensiereg teenoor appellant daarop uitoefen tot tyd en wyl hy vergoed word vir die koste wat hy aan die herstel van die voertuig

bestee/ 8bestee het. Roux sê verder in sy beëdigde verklaring dat die voertuig "feitlik waardeloos en heeltemal nutteloos as 'n vragmotor" was voordat dit herstel is; dat die waarde van die voertuig ná die herstelwerk minstens R12 000 is en dat appellant met minstens R12 000 ten koste van respondent verryk is. Roux sê ook dat die bewerings in paragraaf 11

van Muller se beedigde verklaring (hierbo vermeld) "irrelevant"

is en dat respondent die opdrag om die voertuig te herstel,

aanvaar het "in omstandighede wat normaal is vir die

motorbedryf en in besonder dat die vraag wie die ware

eienaar van die voertuig is, nie ter sprake kom nie."

Appellant het nie 'n repliserende verklaring voor die hof

gelê nie.

In/.....

9

In die aansoek in die Witwatersrandse Plaaslike

Afdeling het Kirk-Cohen, R. , bevind dat toe respondent

die voertuig herstel het, hy kennis gedra het van appellant

se eiendomsreg en van die bepalinge van die huurkoop-ooreenkoms

en dat hy derhalwe nie op 'n retensiereg kon aanspraak maak

nie. Die geleerde regter het tot hierdie bevinding ge-

raak op grond van 'n passasie wat in die uitspraak van

hierdie hof in die saak Brooklyn House Furnishers (Pty)

Ltd. v. Knoetze and Sons, 1970(3) S.A. 264 voorkom.

In die betrokke passasie het Botha, A.R., met betrekking

tot die feit dat die respondent geglo het dat die persoon

(mev. Bond) wat aan hom die opdrag gegee het om die meubels

te berg die eienaar daarvan was, onder meer gesê (bl. 276

F-G) :

"Indien/.....

10

"Indien die respondent van die ware toe-drag van sake bewus sou gewees het, kon dit die posisie moontlik verander het, maar hy het inderdaad te goeder trou geglo dat mev. Bond die eienares van die meubels was, en het op daardie grondslag met haar ge-kontrakteer. (Vgl. United Building Society v. Smookler's Trustees, supra, op bl. 633)".

In die betrokke passasie in die United Building Society-saak (1906 T.S.) word o.m. gesê:

"It may well be that if a builder had notice that he was building on land which did not belong to his employer he would be in a position analogous to that of a mala fide possessor, and would have no justification against the true owner."

In die uitspraak van die hof a quo (1984 (2) S . A.510) word tereg daarop gewys (op bl. 513 B-D) dat Botha A.R., in die Brooklyn House Furnishers-saak, supra, nie beslis

het/

11

het dat die posisie van die respondent wel anders sou ge-wees het indien hy geweet het dat mev. Bond nie die eienaar was van die meubels wat hy onderneem het om te berg nie, maar dat hy bloot die moontlikheid geopper het dat dit sokon wees en nie die vraag bespreek het nie. Direk nadat hy hierop gewys het, het Coetzee, R . , egter voortgegaan om tesê (bl. 513 D-E):

"Die regte van 'n mala fide besitter is dus baie pertinent op die voorgrond en daarvan hang die huidige beslissing af. Dit is dan ook hoe dit voor ons geargumenteer is ."

Hierdie woorde gee te kenne, soos dit my voorkom, (a) dat respondent as 'n mala fide besitter van die voertuig beskou moet word , en (b) dat in die hof a quo albei partye hulle saak voorgedra het op die grondslag dat respondent

as/

12

as 'n mala fide besitter van die voertuig aangesien moet word

Wat (b) betref, is daar in Roux se beëdigde verklaring

geen erkenning dat respondent as 'n mala fide besitter

beskou kan word nie. In hierdie hof is namens respondent

betoog dat hy nie as 'n mala fide besitter beskou kan word

nie, en daar is nie toegegee dat daar in die hof a quo

anders betoog is nie. Ek moet ook byvoeg dat daar nie in

hierdie hof namens appellant gesê is dat respondent in die

a quo toegegee het dat hy as 'n mala fide besitter

van die voertuig beskou kan word nie . Wat (a) betref,

word daar nie in die uitspraak gesê op welke gronde die

hof besluit het om respondent as 'n mala fide besitter van

die voertuig te beskon nie. Vermoedelik is so bevind -
ek kan nie aan 'n ander moontlike rede dink nie - omdat
respondent/.....

13

respondent , toe hy die herstelwerk aan die voertuig gedoen
het, geweet het dat appellant, en nie Marogane nie, die
eienaar van die voertuig was, en omdat hy van die inhoud
van kiousule 3(a) van die huurkoop-ooreenkoms bewus was.
'n Ander punt wat ek in hierdie verband wil noem , is dat
daar nie in die uitspraak uitdruklik gesê word of die hof
respondent se uitgawes aan die herstel van die voertuig
as noodsaaklike uitgawes (*impensae necessariae*) of slegs
as nuttige uitgawes (*impensae utiles*) beskou het nie.
Coetzee, R. , verwys op twee plekke in sy uitspraak (op bl
115 C-D en E-F) na die herstelwerk as "noodsaaklike her-
stelwerk", en 'n mens sou dus geneig wees om te dink dat
hy/.....

14

hy die herstelkoste ook as noodsaaklike uitgawes sou be-
skou het - veral ook in die lig van die onbetwiste bewering
in die beëdigde verklaring van Roux dat die voertuig
"feitlik waardeloos en heeltemal nutteloos as a vragmotor"
was toe respondent gevra is om dit te herstel . Dit is
egter nie duidelik dat die geleerde regter die uitgawes as
noodsaaklike uitgawes beskou het nie, want, as hy dit so
beskou het, is dit ietwat moeilik om te verstaan waarom hy
'n lang bespreking gewy het aan die vraag of 'n mala fide
besitter - wat, soos blyk uit gesag wat in sy uitspraak

aangehaal word, 'n retensiereg ten opsigte van noodsaaklike uitgawes het - ook 'n retensiereg op grond van nuttige uitgawes kan verkfy.

Mnr/.....

15 & 16

Mnr Kuper, namens appellant, het by die aanvang van sy betoog in hierdie hof gesê dat dit onsuiwer is om van iemand soos respondent wat in opdrag van iemand anders 'n saak in ontvangs te neem en herstel en dit dan bly behou totdat hy vir sy uitgawes vergoed is, as 'n possessor (hetsy bona fide of mala fide) van die saak te praat.

Hierdie stelling opper vrae waarom daar nie in hierdie saak beslis hoef te word nie, en ek gaan voort om die res van die advokaat se betoog te bespreek. Hy voer aan dat die uitgawes wat respondent aangegaan het slegs nuttige uitgawes was, en nie noodsaaklike uitgawes nie, maar dat die nie nodig is om hierdie vraag te beslis nie aangesien dit irrelevant is . Sy betoog is dat iemand/.....

17iemand soos respondent wat 'n voertuig herstel 'n retensieregdaarop kan verwerf slegs indien hy bona fide is - bonafide in die sin dat hy glo dat die persoon met wie hy kon-trakteer die eienaar van die voertuig is - of indien dieeienaar toegestem het dat die herstelwerk gedoen word.(Ons is veruys na Tyre & Motor Supply Co., Ltd v. Leibrandt, 1926 C.P.D, 421; Ford v. Reed Uros, 1922 T.P.D. 266;Anderson & Co. v. Pienaar & Co., 1922 T.P.D. 435; Phillipsand Gordon v. Adams, 1923 E.D.L. 104; Rencken v. Snyman, 1946 N.P.D. 551; Knoll v. S.A. Flooring Industries Ltd,1951(1) S.A. 404(T.) en die Brooklyn House Furnishers-saak,supra.) Respondent, se mnr Kuper, was nie bona fide nieen het ook nie appellant se toestemming gehad om dieherstelwerk te doen nie, en gevolglik kan hy nie op 'n

retensiereg/

18

retensiereg aanspraak maak nie. Respondent se gebrek aan

bona fides, lui die betoog, is daarin geleë dat hy geweet het dat die voertuig nie aan Marogane behoort nie en dat hy van die inhoud van klousule 3(a) van die huurkoop-ooreenkoms bewus was.

Ek kan nie met hierdie betoog saamstem nie.

Respondent is deur Marogane gevra om die voertuig te herstel en het op regmatige wyse in besit daarvan gekom. Sy besit daarna sal ook regmatig wees, tensy gesê kan word dat dit daarna vanweë sy beweerde mala fides onregmatig vis-à-vis appellant geword het. Die blote feit dat 'n saak in opdrag van iemand anders as die eienaar daarvan herstel word, bring nie mee dat die persoon wat die herstelwerk doen nie 'n retensiereg teenoor die eienaar kan verwerf/.....

19

verwerf nie (kyk die Brooklyn House Furnishers-saak, supra.) Die vraag is of respondent se kennis van appellant seeiendamsreg en van die inhoud van klousule 3(a) van die huurkoop-ooreenkoms die posisie in die onderhawige geval verander. Na my mening is die antwoord "nee". Klousule 3(a), wat ek geriefshalwe weer aanhaal, bepaal:

"The Buyer shall keep the goods in his custody and shall maintain the goods in good order and repair, exempt from any lien or encumbrance."

Hierdie woorde hou nie in dat Marogane nie die voertuig uit sy besit mag laat as dit nodig sou wees om herstelwerk daaraan te laat doen nie. Hy moes die voertuig in 'n goeie toestand hou en daar moes by die aangaan van die ooreenkoms noodwendig voorsien gewees het - veral aangesien dit 'n

gebruikte/.....

20

gebruikte voertuig was wat verkoop is - dat dit van tyd tot tyd vir Marogane nodig kon word om die voertuig te laat herstel. Ingevolge die ooreenkoms moes Marogane sorg dat

die voertuig in 'n goeie toestand bly, en na my mening hou klousule 3(a) niks meer in nie as dat Marogane moes sorg dra dat hy betaal vir herstelwerk wat hy laat doen sodat daar nie 'n retensiereg ten opsigte van die voertuig teenoor appellant kan ontstaan nie. Dit hou nie in dat 'n persoon wat herstelwerk aan die voertuig doen nie 'n retensiereg kan verwerf nie. In hierdie verband moet daar ook vermeld word dat daar niks in die stukke te vind is wat enigsins die gevolgtrekking regverdig dat respondent geweet het, of moes verwag het, dat Marogane hom nie vir die herstelwerk sou, of kon, betaal nie. Mnr Kuper het aangevoer/.....

21

voer dat die beslissing in die bogemelde saak Tyre & Motor Supply Co., Ltd. v. Leibrandt, 1926 C.P.D. 421 sterk steun verleen aan sy betoog dat respondent nie bona fide was toe hy die herstelwerk aan die voertuig gedoen het nie en dat hy om daardie rede 'n retensiereg op die voertuig ontsê moet word. In daardie saak het die hof bevind dat die betrokke garage-eienaar 'n motor herstel het terwyl hy bewus was van 'n ooreenkoms waaruit geblyk het - aldus die bevinding van die hof - dat indien hy die motor sou herstel, hy dit teen die "express instructions" van die persoon wat hy as die eienaar van die motor beskou het, sou doen; dat hy dus nie bona fide was toe hy dit herstel het nie en dat hy derhalwe nie op 'n retensiereg op die motor kon/.....

22

kon aanspraak maak nie. Die bepaling in die ooreenkoms op grond waarvan die hof beslis het dat die garage-eienaar die motor teen die "express instructions" van die persoon wat hy as die eienaar van die motor beskou het (hoewel hy nie inderdaad die eienaar was nie), herstel het, het soos volg gelui : "The hirer agrees during the period of the hire of the aforementioned car, that he will purchase all tyres, tubes, spare parts and have all repairs done to the car by the vendor's firm." Aangesien die garage-eienaar nie die "vendor's firm" was nie, is beslis dat die herstelwerk wat hy gedoen het in stryd met die "express instructions" van die gewaande eienaar geskied het en dat hy dus nie bona fide was nie. Gardiner, R.P., het in die loop van sy uitspraak (waarmee Jones, R., saamgestem het) gesê (bl./.....

23

(bl. 427):

"If a garage proprietor at the instance of my chauffeur repairs my car, well knowing that I have forbidden my chauffeur to have any repairs executed, I do not think that the garage proprietor can set up a lien against me, He cannot improve my car against my express instructions, and then retain it until I pay."

Ek vind dit nie nodig om op die korrektheid al dan nie van hierdie beslissing in te gaan nie, want al sou aanvaar word dat die hof se opvatting van die betekenis en uitwerking van die bepaling in die ooreenkoms wat ek hierbo aangehaal het juis was, meen ek nie dat dit op die onder-hawige geval van toepassing is en dat daar op grond van klousule 3(a) gesê kan word dat respondent se herstelwerk aan die voertuig teen die "express instructions" of ver-

bod/

24

bod van appellant geskied het nie. Appellant se betoog dat respondent mala fide opgetree het en dat hy om daardie

rede nie op 'n retensiereg kan aanspraak maak nie, kan derhalwe na my mening nie slaag nie.

Mnr Kuper het verder betoog dat appellant nie verryk, of onregmatig verryk, sal wees indien sy voertuig aan hom gelewer sou word sonder dat hy respondent vir sy uitgawes vergoed het nie, en, verder, dat indien appellant wel verryk sal word, sy verryking nie ten kos te van respondent sal geskied nie. Gevolglik, aldus die betoog, moet bevind word dat respondent nie op 'n retensiereg geregtig is nie. Hierdie betoog berus op die siening dat die beslissing van hierdie hof in die Brooklyn House Furnishers-saak, supra - waar 'n dergelike betoog geopper is maar nie deur/.....

25

deur hierdie hof aanvaar is nie - verkeerd is. Mnr Kuper het ons dan ook gevra om daardie beslissing te heroorweeg te bevind dat dit verkeerd is. Ek vind dit voldoende om te sê dat appellant se betoog my nie daarvan oortuig dat ons moet bevind dat die beslissing in daardie saak verkeerd is nie. Appellant se laaste betoog berus op die bepaling van klousule 6 van die bogemelde algemene verdiskonterings-ooreenkoms. Dit lui soos volg:

"I/We (d.w.s. JOT- Motors (Pty) Ltd)

hereby indemnify you and undertake to hold you harmless against any claim, loss or expense which you may sustain in consequence of any condition or warranty expressed or implied in an Agreement as to the quality, description, fitness for any purpose or otherwise of the Goods or in respect of any obligation for service replacement or maintenance/

26

maintenance in relation to the Goods or in respect of any other cause arising out of such Agreement."

Die betoog lui dat die uitgawes wat respondent aangeaanhel om die voertuig te herstel, uitgawes is wat in verbandstaan met 'n "obligation for service replacement or maintenance" soos in klousule 6 bedoel; dat respondent kragtens dié klousule verplig is om appellant skadeloos te stel watsulke uitgawes betref; dat die herstelwerk aan die voertuig dus geen ongeregverdigde verryking vir appellant meebringnie, en dat respondent gevolglik nie op 'n retensiereg op die voertuig teenoor appellant kan aanspraak maak nie.

Die betoog is ongegrond. Die klousule slaan, wat die onderhawige geval betref, op verpligtinge ten opsigte van "service replacement/

27

replacement or maintenance" wat vir respondent ingevolge die bogemelde huurkoop-ooreenkoms mag ontstaan. Dit het nie betrekking op 'n geval soos dié waarmee ons in hierdie saak te doen het nie.

Die appèl word met koste afgewys, insluitende die koste van twee advokate.

P J RABIEHOOFREGTER

KOTZE, AR.

JOUBERT, AR. Stem saam HEFER, AR.

BOSHOF, AR.

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1985/96.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/standard-kredietkorporasie-bpk-v-jot-unknown-topic-asca-1985--6a3ea5113b1caa9129809077>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria